DIE
SUID-AFRIKAANSE WYNBOER
'n Maandblad vir die Kelderbedryf en die Wynbou
Gewy aan die Belange van die Wynboer;
ter bevordering van die Wynbou
en Oenologie in Suid-Afrika.

Offisiële Tydskrif van die Koöperatiewe Wynbouwers Vereniging van Suid-Afrika Bpk.

Official Organ of the K.W.V. Co-operative Wine Growers' Association of S.A. Ltd.

# ONS SUID-AFRIKAANSE WYNSOORTE

**Deur Dr. A. I. PEROLD**

*Hoof-Wynboudeskundige van die K.W.V., Vroeër Professor vir Wynbou en Enologie aan die Universiteit van Stellenbosch.*

In elke wynland vind ons 'n groot verskeidenheid van wyne en hul word gewoonlik in verskillende dele van die land gemaak en dan nog meestal van verskillende druifsoorte, op verskillende gronde en onder afwisselende klimaatstoestande. Voorts vind ons gewoonlik nog dat elke streek sy eie metodes van wynbou en wynbereiding toepas om die gewenste soort wyn te produseer.

Dit duur gewoonlik baie lank voordat daar in 'n nuwe wynland 'n aanmerklike verskeidenheid van wynsoorte geproduseer word, en *sonder 'n wyndrinkende bevolking ontstaan daar ook g'n waardering van en onderskeiding tussen die verskillende wyne wat so'n land produseer nie.* Vir die ontwikkeling van beroemde wyne is dus nie net nodig gunstige natuurlike omstandighede en kennis omtrent die produksie daarvan nie, maar veral 'n waarderende publiek wat hierdie edel produkte kan geniet en hul na waarde kan skat en dus ook bereid sal wees om daarvoor 'n behoorlike prys te betaal, want ons moenie vergeet nie dat dit baie meer kos om 'n werklik edele wyn te produseer as somar so'n ding wat, soos Outa Apols gesê het, darem by 'n tapgat uitloop.

Daar is dus so iets as 'n *wynkultuur* nodig in 'n land om edel wyne te laat ontstaan en om hul te kan behou. Sodra die publiek se belangstelling in en waardering van sulke wyne wegval, begin hul ook agteruit te gaan in kwaliteit om dan mettertyd heeltemal te verdwyn. Dis gans natuurlik en niemand hoef iets anders te verwag nie.

In ons eie geval is dit welbekend dat Jan van Riebeeck reeds in 1653, d.w.s. een jaar na die stigting van die eerste Europese volksplanting hier aan die Kaap, die eerste wingerdstokke hier geplant het en dat hier in betreklik korte tyd reeds goeie wyne gemaak is. Met die koms van die Hugenote in 1688, van wie baie reeds in Frankryk wynboere gewees het, het die Kaapse wynbou 'n groot skop vorentoe gekry, so wel wat betref die behandeling van die wynstok as die bereiding van die wyn, terwyl hul ook hul wynkultuur saamgebring het, wat soos reeds gesê, van die uiterste belang is vir die ontstaan en ontwikkeling van edel wyne.

Soos ek onlangs aangetoon het in " The Wine Book of South Africa," bls. 75, was Constantia reeds in 1711 'n wêreldberoemde wyn. In *O. F. Mentzel* se " Description of the Cape " (in 1785 en 1787 in Duitsland verskene en in 1921 deur die van Riebeeck Vereniging as hul Band 4 in 'n Engelse vertaling uitgegee), deel hy ons mee, dat die jaarlikse oes van rooi Constantia omtrent 60 lêers en dié van wit Constantia 80-90 lêers bedra het, dit wil sê in baie gunstige jare, terwyl die gemiddelde oes van die twee saam omtrent 120 lêers per jaar was. Dan deel hy ook mee dat daar gedurende 1762 in Amsterdam 144 Aum (gelyk aan 36 lêers) Kaapse wyn (d.w.s. Constantia) verkoop is teen £120 tot £196 13s. 4d. per lêer vir die wit wyn en £166 13s. 4d. tot £270 per lêer vir die rooi wyn, terwyl die hoogste prys deur laasgenoemde in 1761 behaal in Amsterdam £333 6s. 8d. per lêer was, wat gelyk staan met 8s. 9d. per bottel by die groot maat gekoop. Dit gee u so effens 'n idee van die waarde van Constantia, wat ons beroemdste en enigste wêreldberoemde wyn was. In daardie dae het die Oos-Indiese Compagnie aan die Constantia se boer £12 per lêer vir sy wit wyn

en £16 per lêer vir sy rooi wyn betaal, terwyl die Compagnie £4 16s. per lêer betaal het vir gewone Kaapse wyn om na Batavia te stuur.

In Deel I van sy "Voyage au Cap de Bonne-Espérance," in 1787 in Parys uitgegee, sê Sparrman dat die rooi Constantia op Groot Constantia geproduseer word en die witte op Klein Constantia. „Die egte Constantia," sê hy, "is ongetwyfeld 'n delikate en sterk dessertwyn en dit het iets biesonder aangenaams in sy boeket." Voorts vertel hy dat naby Kaapstad ook wyne van die Boergondiese, Madeira- en Moesel-tipes en Muskaatwyne gemaak word.

Reeds in 1691 het Captain William Dampier in "A New Voyage Round the World" (Van Riebeeck Vereniging, Deel 5), omtrent die Kaapse wyn gesê: "This wine is like a *French* High Country white wine, but of a pale yellowish colour; it is sweet, very pleasant and strong." Hy het dit waarskynlik op wit Constantia bedoel, sodat ons kan aanneem dat hierdie wyn reeds in die dae van Simon van der Stel gemaak is. Soos u weet, het hy die plase Groot Constantia en Klein Constantia vir sy eie rekening ontwikkel nadat die Compagnie dit aan hom geskenk had.

In sy bekende *Memorandum* in 1802 in Holland opgestel, sê Kommissaris de Mist dat die Kaapse druiwe, behalwe die beroemde Constantia wyne, verskeie ander baie gesonde en heerlike wyne produseer wat bekend staan onder die name van Kaapse Madeira, Kaapse Malaga, medisinale wyn, steenwyn, vintint, ens.

U sien dus dat hier in ons land mettertyd verskillende wynsoorte ontstaan het. Constantia was ongetwyfeld die beroemdste en wel die engiste wat wêreldroem verwerf het. Ongelukkig het hy, waarskynlik ruim 'n halwe eeu gelede, 'n ontydige dood gevind. Dit is my ambisie om hom te laat herlewe, en die proewe wat ek met hierdie doel voor oë gedurende die laaste parstyd gemaak het, is tot dusver uiters belowend. Constantia sal en moet herrys.

Dis interessant om daarop te let, dat beide Sparrman en De Mist sekere Kaapse wyn vergelyk met hul Europese prototipes, dus Kaapse Madeira, Kaapse Malaga, wyne van Boergondiese en Moesel-tipes. Wanneer ons dus vandag praat van Kaapse Sherry, Kaapse Port, ens., dan is dit geen innovasie of splinternuwe idee nie. Die doel is slegs om aan te toon aan watter Europese wynsoort ons betrokke wyn die naaste staan, en niemand kan daardeur mislei word nie.

Ons nasionale selfrespek en 'n gevoel vir internasionale etiket eis egter dat ons geleidelik en waar doenlik ons eie name vir ons eie wynsoorte moet invoer, alhoewel terselfdertyd besef moet word dat dit enorm baie geld en tyd kos om 'n nuwe naam vir 'n wynsoort in enige land bekend te maak en ingang te laat vind. Dis hier dus 'n geval waar die ideaal met die behoeftes van die handel moet rekening hou.

Vandag produseer ons 'n hele aantal verskillende wyne, en die K.W.V. alleen voer ongeveer 'n twintigtal verskillende wyne uit na verskillende dele van die aarde.

Hier moet ons onderskei tussen:—

Ligte, droë, *wit tafelwyne* wat byv. onder die volgende name verkoop word: *Witzenberg*—so genoem na die Witsenberg by Tulbagh waar hierdie wyn geproduseer word; *Drakenstein*—'n matig sware tafelwyn wat nie noodwendig in Groot of Klein Drakenstein geproduseer word nie daar dit nou bloot 'n handelsnaam geword het wat deur enige wynfirma kan gebruik word; *Sauvignon blanc*—'n aangenaam olierige tafelwyn wat na die gelyknamige Franse (Sauternes) druifsoort genoem is, maar uiters selde juis daarvan gemaak is; Simonsberg, Koelenberg, Helderberg, ens., wat plaasname aandui, maar nie juis wil sê dat hierdie wyne *uitsluitlik* van genoemde plekke afkomstig is nie; Rynheimer is 'n nabootsing op Duitse lees geskoei en stel 'n aangename, geurige tafelwyn voor.

Eers wanneer ons 'n wynkultuur besit, sal dit moontlik word om plaasname in te voer vir ons wyne wat vir ons ook sal vertel waar die wyn gemaak is. Laat ons hoop dat dit ook by ons geleidelik daartoe sal kom.

Ligte, droë, *rooi tafelwyne* wat tot onlangs meestal as Hermitage verkoop geword is: Onder die kontrak tussen die Franse Regering en ons Regering aangegaan, mag ons nou nie meer ons rooi wyn as Hermitage verkoop nie, aangesien daar in Frankryk 'n wyn onder hierdie naam verkoop word. Die Franse maak hul Hermitage van Schirasdruiwe by Tain in die Rhônevallei, terwyl ons Hermitage gemaak word van 'n druif wat hier as Hermitage bekend staan terwyl hy in Frankryk Cinsaut heet. Die naam Hermitage vir 'n druifsoort bestaan slegs in Suid-Afrika, en hy moes van die begin af Cinsaut geheet het. Dis dus 'n verkeerde naam of „misnomer."

Onder die huidige ooreenkoms moet ons plaaslike firmas dus die naam Hermitage vermy. Dit wil my voorkom asof die benamings „Claret" en „Burgundy" nog kan gebruik word, aangesien hierdie name *nie* in Frankryk self vir hul wyne gebruik word nie en in die Engelse wynhandel in Engeland ontstaan het.

(*Vervolg op bladsy 2860.*)

Adler Principal Features. Front wheel drive gives road stability. The Adler 10 h.p. is equal to 18 h.p. with rear wheel drive. We guarantee over 40 m.p.g. No rear axle springs or drive shaft. All steel body-welded. Nothing to squeak or rattle.

ADLER CARS

PRICES RANGE FROM £277. 10. 0.

Spares stocked and specially trained Motor Mechanics always at your service.

SOLE AGENTS FOR WESTERN PROVINCE:

TIMONEY'S GARAGE LTD., LONG STREET, CAPE TOWN.

word nie dat die Verenigde State dwarsdeur die jaar goed voorsien is met vars en blikkiesvrugte en dat dieselfde klas vrugte wat Suid-Afrika na hier kan stuur, in groot hoeveelhede van Chili en Argentinië kom gedurende dieselfde tydperk as wat Suid-Afrika dit kan lewer.

„Afgesien hiervan is daar egter die beginsel wat op die spel staan, en ek kan u verseker dat die saak met erns aangepak is, en dat druk op die Regering hier uitgeoefen word deur Amerikaanse fabrikante wat baie besigheid met Suid-Afrika doen. Hulle verlang dat die regulasies so moet verander word dat wyn en sterk drank, asook vars vrugte, 'n kans sal kry om op die Amerikaanse mark mee te ding met soortgelyke produkte van ander lande."

In die tussentyd het mnr. Franklin Johnston, wat homself skynbaar as 'n outoriteit op die gebied van Suid-Afrikaanse probleme beskou omdat hy 'n paar weke in ons land vertoef het, weer 'n artikel in die *American Exporter* gepubliseer. Hy probeer nou om onenigheid tussen die wynboere aan die een kant en die vrugteboere aan die ander kant te saai. Hy beweer naamlik nou dat die vrugteboere heeltemal reg het om te kla oor die Amerikaanse regulasies, maar dat ons wynboere liewers moet stilbly.

Mnr. Johnston verwys ook weer na die moeilikhede wat ons op die Amerikaanse mark sal ontmoet as ons probeer ons om produkte daar te verkoop. Ons wil graag vir mnr. Johnston vra om hom met sy eie sake te bemoei, en ons sal self sorg dat ons regkom as ons produkte eers toegelaat word om in Amerika verkoop te word.

**Ons Suid-Afrikaanse Wynsoorte**—(*Vervolg van bladsy 2856*)

Ongelukkig het die mening by ons posgevat, dat 'n dun droë rooiwyn 'n Claret is en 'n dik of vol droë rooiwyn (d.i., een met 'n hoë droë ekstrak) 'n Burgundy is. Dit is natuurlik onsin, al is die meeste Burgundies van Frankryk taamlik vol en baie Clarets taamlik dun. By ons gee Cabernet Sauvignon dikwels 'n swaar dik wyn, maar dit mag nooit (al word dit hier ongelukkig dikwels ten onregte gedoen) 'n Burgundy genoem word nie, aangesien hierdie druif by uitstek die druif van die Médoc se droë rooi wyne of Clarets is. Dit is dus hoog tyd dat ons beoordelaars hierdie onsin laat staan. Dis te belaglik om baie woorde daaroor te vermors. Vandag het ons uitstekende droë rooiwyne waarop ons trots kan wees. Alphen, Vlakkenberg, Alto, Cabernet Sauvignon, ens., is name wat onder liefhebbers van ons droë rooiwyne wel reeds goed bekend is.

Ons droë Pontac is 'n goeie wyn vir 'n ontstelde maag en is veral geskik om met droë Hermitage. Schiras, ens., gemeng te word om 'n vol, swaar wyn van 'n min of meer Boergondiese tipe te produseer. Ons is die enigste land in die wêreld waar die Pontac druif op 'n kommersiële skaal gekweek word, en meer nog as vir gemelde doel is hy by uitstek geskik om gebruik te word by die maak van 'n puik Portwyn. Vir hierdie doel moet hy doodryp gepars word en met goeie brandewyn as 'n soetwyn van beginsaf gemaak word.

Die naam *Riebeek Kasteel* is oorspronklik gegee aan 'n soetwyn van Riebeek Kasteel, waar die ryp druiwe 'n baie hoë suiker-graad kan behaal. Dit was oorspronklik 'n rooi soetwyn met 'n aanmerklike hoeveelheid Muskadel. Dit was 'n fyn wyn wat nou in die kantienhandel sy adel kwyt geraak het.

*Worcester Hock* en *Goudini Hock* is, wat die name betref, 'n hopelose gemors wat deur ons plaaslike wynhandel tot stand gebring is. 'n Hock is in Engeland 'n ligte, baie geurige, droë Duitse witwyn, terwyl die plaaslike Hocks gefortifiseerde wit soetwyne is wat dikwels heel goed is.

Dis hoog tyd dat daar orde in ons wynname kom. Die K.W.V. het 'n prysenswaardige en navolgenswaardige voorbeeld gegee deur plaaslike name vir ons wyne in sy uitvoerhandel te gebruik. So bedoel *Paarl Tawny* 'n rooibruinagtige ou rooi soetwyn van die Porttipe. *Paarl Ruby* is 'n donker rooi soetwyn min of meer van hierdie tipe, *Cape Ambrosia* en *Cape Amber* gelerige wit soetwyne elk met sy eie karakter. Ons droë tafelwyne word deur die K.W.V. aangeduie as *Cape dry white* en *Cape dry red, light-bodied* of *full bodied,* al na die geval mag wees. Net met *Sherry* sit ons nog in die maag. Aangesien dié naam ook maar in Engeland ontstaan het en nie in Spanje nie, is daar geen noodsaaklikheid waarom ons hierdie naam deur iets anders moet vervang nie, mits die woord Kaapse of Cape daarby gevoeg word om sy oorsprong aan te duie.

Ons natuurlike skuimwyne wat tot nog toe hier as Champagne verkoop geword is, kan nou ook nie meer onder hierdie naam verkoop word nie. Ek gee aan die hand dat die wet so verander word, dat skuimwyne wat hul gas deur gisting verkry het, verkoop word as *natuurlike skuimwyn* of *natural sparkling wine,* en dié waar koolsuurgas eenvoudig ingepomp is, as *artifisiële* of *geïmpregneerde skuimwyn.*

COMMER TRUCKS
ALL BRITISH MANUFACTURE
PETROL - - DIESEL - - 1 TON UP
Prices From £245
NASH CAPE MOTORS COMPANY, CAPE TOWN.

*Sauternes* is 'n soetagtige of soet Franse witwyn met 'n taamlike groot hoeveelheid swaweldioksied. Sulke wyne, of hul nou wit of rooi is, kan ons eenvoudig *likeurwyne* noem in teëstelling met soetwyne waarin die gisting stopgesit is deur 'n byvoeging van alkohol.

Ons Muskadelwyne staan nommer een in die wynwêreld. Hier het ons rooi en wit wyne wat droog, soetagtig of doodsoet (Jeripicos) kan wees. Mits die druiwe toegelaat word om oorryp te word, lewer ons rooi en wit Muskadeldruiwe wyne van uitstaande kwaliteit, waarmee ons nie skaam hoef te wees om op enige plek in die wêreld vir ons te laat sien nie. Die Australiërs het reeds herhaaldelik erken dat hul ooreenkomende wyne nie naby ons s'n kom nie.

Die toekoms van ons wyne is versekerd as produseerder sowel as verbruiker in die toekoms sy plig doen.

# K.W.V. deur Appèlhof in Gelyk Gestel

In die appèlsaak van die K.W.V. teen Jacobus Petrus Bruwer, 'n wynboer en lid van die organisasie, het die Appèlhof tot die gevolgtrekking gekom dat die werklike verkoop in die loop van die jaar van die produkte van lede, nie die betreklike regte van 'n lid of die K.W.V. bepaal ten opsigte van betaling vir die produkte wat verkoop is nie, en dat hierdie regte alleenlik afhanklik is van die beraming wat deur die K.W.V. kragtens klousule 14 van sy regulasies gemaak is van wat verkoopbaar en wat surplus is.

Die appèl is gevolglik gehandhaaf met koste. Die eis vir £286 wat deur Bruwer in die Hooggeregshof teen die K.W.V. ingestel is, kan gevolglik nie slaag nie.

Regter Beyers het nie akkoord gegaan met die uitspraak van die ander appèlregters nie.

# Items van Belang

*Gradering van Uitvoerdruiwe.*—Op die vergadering in Kaapstad van die Graderingskomitee van die Suid-Afrikaanse Sagtevrugtebeurs Bpk., wat in die laaste week van September plaasgevind het, het mnr. G. M. Dykes, die oorsese verteenwoordiger van die Beurs, die toestande op die Londense mark geskilder en veral die finansiële aspek in verband met die beskikbare hoeveelhede druiwe op die mark, behandel. Hy het daarop gewys dat dit in die belang van die Suid-Afrikaanse druiwe-uitvoerders is om die toevoer van ons druiwe op die Londense mark so gelyk moontlik oor die seisoen te verdeel.

Mnr. C. J. Clark, die voorsitter van die Beurs, het oor die Amerikaanse mark gepraat. Hy het gesê dat die onderhandelings oor die toelating van ons druiwe in Amerika slegs langsaam vorder, maar dat ons as gevolg van die optrede van die wyn- en vrugteboere, gedurende die laaste paar maande nader aan ons doel gekom het as gedurende die tien jaar wat voorafgegaan het. Mnr. Clark het daarop gewys dat dit van die allergrootste belang is dat net die beste kwaliteit uitvoerdruiwe na Amerika verskeep word, as die mark vir ons oopgemaak word.

By die bespreking van die graderingsregulasies, het Dr. Morris, van „Clunie," Constantia, daarop gewys dat die gewigsgradering, soos dit op die oomblik gehandhaaf word, nie voldoende is om die grootte van die korrels te waarborg nie. Die druiwe wat laat gepluk word sal gewoonlik aan die gewigsvereistes voldoen, maar sal nie die ringtoets kan deurstaan nie. Hy het daarop aangedring dat ringtoetse as die enigste standaard vir die volgende seisoen behoort aangeneem te word. Geen besluit is oor hierdie punt geneem nie.

Mnr. Lategan het daarop gewys dat om aan die teenswoordige regulasies te voldoen, al die klein korrels gewoonlik uitgesny word, en die voorkoms en vorm van mooi trosse daardeur dikwels bederf word. Mnr. Stewart het verwys na die Komitee se Rapport, waarin aanbeveel word dat 'n speelruimte van 15 persent vir korrels wat net onderkant die standaardgrootte is, behoort toegelaat te word. Dit sal die euwel van sleggevormde trosse grootliks verwyder.

'n Lewendige diskussie het plaasgevind oor die minimum-trosgewigte. Die Komitee het voorgestel dat die minimumgewig vir „uitgesoekte"-graad druiwe van ½ pond tot ¾ pond en dié vir „keurige"-graad druiwe van ¼ pond tot ½ pond, albei met 14 persent speelruimte, verhoog moet word. Party afgevaardigdes het kragtig hierteen protesteer, en daar is besluit om die saak gedurende die komende seisoen weer noukeurig te ondersoek, en indien moontlik in die 1937-38 seisoen die ¼-pond tros heeltemal uit te skakel vir eksport.

Ook die suiker-suur-verhoudingsregulasies het 'n lewendige bespreking veroorsaak. Twee voorstelle is onder behandeling geneem. Stellenbosch het voorgestel dat geen veranderings in enige van die regulasies aangebring moet word nie, terwyl Constantia-boere verlang het dat die vehouding vir Alphonse Lavallée, Gros Colman en Canon Hall van 14:1 na 12:1 verlaag word. Volgens mnr. Dykes is die suiker-suurverhouding 14:1 vir hierdie druifsoorte nie te hoog nie, soos deur toetse in Engeland geblyk het. Mnr. van der Willigen, Bestuurder van die Sagtevrugtebeurs, meen dat nog nie genoeg gegewens beskikbaar is om hieroor 'n oordeel uit te spreek nie. Hy het die verhouding 13:1 voorgestel om die Constantia-boere te help. Dr. Morris, van Constantia, het egter verklaar dat hy nog nooit Gros Colman van minder as 20:1 verlang het dat die verhouding vir Alphonse Lavallée, treffende bemisting en versorging is om die suikergehalte van hierdie druifsoort te verhoog.

Die voorstel om die verhouding vir Gros Colman

(*Vervolg op bls.* 2874.)

BOX BOARDS BOX BOARDS
SMALL & MORGAN.
Bain Street, off Dock Road,
Telephone 2-4361. P.O. Box 363 - CAPE TOWN

Ontmoet ons by die
Rykstentoonstelling